

30 Oktober

Skrifgedeelte: 2 Petrus 1:12-20

Ek het in hierdie tyd 'n vaste fondament nodig

Baie mense word vandag verwar deur teoloë wat met groot ywer die Bybel verdag maak. Ook in die apostel Petrus se tyd was gelowiges deur allerlei leringe verwar. Petrus skryf sy tweede brief juis om aan verwarde gelowiges 'n vaste fondament te gee waarop hulle kan staan as mense hulle verwar.

Petrus beklemtoon eerstens dat dit belangrik is dat gelowiges aan die leer van die apostels herinner word (vers 12-15). As die evangelie vars en nuut in my geheue is, as ek dit dus met toewyding bestudeer en uitleef, sal 'n valse leer my nie so maklik laat twyfel nie.

Petrus beklemtoon tweedens dat die boodskap van die apostels op vaste grond rus (vers 16-19). God het gesorg dat die apostels sien en hoor hoe Hy uit die hemel sy Seun as Middelaar aanwys. Het die "teoloë" wat die Bybel tans so beswadder hierdie vaste grond? Het hulle gesien en gehoor?

Derdens beklemtoon Petrus die werk van die Heilige Gees (vers 19-21). Dit is die Gees wat gesorg het dat die suiwer boodskap deur die profete verkondig is. Hy lei God se kinders om hierdie boodskap te verstaan. Die "teoloë" wat vandag die Bybel met soveel erns probeer vermink, ignoreer of ontken die werk van die Heilige Gees. Ons moet egter met nog groter oorgawe bid vir die Gees se werking in ons. Gelowige, jy hét vaste grond onder jou voete. Moenie dat mense wat nie gesien en gehoor het nie, dat hulle jou verwar nie!

Sing: Psalm 119:39

Dr DG Breed (Waterkloofrand)